**Woensdag 9 April**
**Skrifgedeelte:Psalm 119:1-8 (AFR2020)**
**Fokusgedeelte: Psalm 119:7**
**Prys God terwyl jy sy Woord bestudeer**

Vandag se stukkie is die eerste van 22 oor Psalm 119. In die Hebreeus bestaan die Psalm uit 22 strofes van agt reëls elk. In elke strofe begin die agt reëls met dieselfde letter van die Hebreeuse alfabet: vers 1-8 met Alef, vers 9-16 met Bet, ensovoorts. In elkeen van die strofes kom daar ook agt woorde (nie dieselfde woorde elke keer nie) voor wat met God se woord, wet of verordeninge te doen het.

Die 2020-vertaling het elkeen van die Hebreeuse woorde met dieselfde Afrikaanse woord vertaal. Die hele psalm handel oor God se opdragte aan sy kinders. Die psalm begin met ’n saligspreking: “Gelukkig”, gelukkig is hulle wat erns maak met God se opdragte, wat daarna luister en dit doen. God het Self die opdragte gegee, soos onder andere in die Tien Gebooie en die Bergrede (Matt. 5-7). Dit is God se opdragte aan ons, verstaanbaar en duidelik.

Dit is duidelik dat die digter van Psalm 119 God se woorde bestudeer het. So het hy onder die besef gekom van wat God van hom verwag as ’n gelowige. Hy is egter ook dankbaar oor dit wat God hom in sy woorde leer. Alleen deur op die lewenspad te loop wat God aandui, kan hy gelukkig wees en weet dat God steeds by hom sal wees. Daarom wil hy die Here prys terwyl hy die Here se opdragte oordink. Hy roep ook sy lesers op om die Here te prys.

Jesus het juis gekom om te doen wat ons nie kan nie. Hy was ten volle gehoorsaam, tot in die dood. Hy het sy Gees gestuur om ons steeds op die gelowige pad te lei. Daaroor kan ons alleen die Here dank. Om dit opreg te doen, moet ons ook erns maak met die lees van die Bybel en ons lewe daardeur laat rig.

*Sing: Psalm 19-2:3*

*Prof. HF (Herrie) van Rooy (Emeritus)*